

Die VOC, wins en verlies: ‘n perspektief vanuit 2002

*WILLEM CRUYWAGEN**

Inleiding

Die betrokke bydrae is nie gegrond op enige besondere kennis van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie nie. Dit spruit eerder voort uit navorsingswerk oor my voorgeslagte waarmee ek tans besig is. Aangesien die VOC met sy handelsmonopolie die gang van sake aan die Kaap dikteer het en die lewensomstandighede van vryman en amptenaar te nouste geraak het, het ek ‘n bietjie wyer gelees oor dié groot handelsonderneming – eintlik ‘n staat binne ‘n staat. Wat hier verskyn is ‘n beknopte waardebepaling van die Kompanjie en sy nalatenskap by ‘n terugskouing oor die vier honderd jaar vanaf sy stigting in 1602.

Agtergrond waaruit die VOC gespruit het.

Die geskiedenis van die VOC is een van die mosaiekstukke in die groot paneel van die rykgeskakeerde Nederlandse verlede. Die VOC is ‘n produk van die gebeure en omstandighede wat Nederland die leierland op vele terreine, maar veral die handel en seevaart gemaak het. Daarom is dit gepas om ter inleiding en agtergrond spasie af te staan en vir ‘n wyle te konsentreer op Nederland, die klein gemenebes wat gepas deur John Motley, die befaamde Amerikaanse historikus van die negentiende eeu, soos volg beskryf is:

* Dr. Willem A. Cruywagen was onderwyser, politikus, kabinetsminister en administrateur van Transvaal. Hy is reeds etlike jare afgetree maar hou hom besig met gemeenskaps- en kultuurwerk en is weer as student by die PU vir CHO, Vaaldriehoek kampus, ingeskryf met die oog op nagraadse studies in genealogiese navorsing.

The intelligence, enthusiasm and tenacity in wrestling against immense obstacles manifested by the young republic at this great expanding era of the world's history can hardly be exaggerated. It was fitting that the little commonwealth, which was foremost among the nations in its hatred of tyranny, its love of maritime adventure, and its aptitude for foreign trade, should take the lead in the great commercial movements which characterized the close of the seventeenth century.¹

Waar verwys word na Nederland het dit betrekking op beide die Noordelike en Suidelike Nederlande, d.w.s. die teenswoordige Nederland en België. Na laasgenoemde sal soms ook verwys word as Vlaandere en Brabant. Van die Noord-Nederlandse sewe provinsies was daar twee wat deurgaans die toon aangegee het, naamlik Holland en Zeeland. Waar die term Holland of Hollanders gebruik word, dui dit meer bepaald op Noord-Nederland, later die Nederlandse Republiek.

Nederland, 'n klein landjie met 'n klein bevolking was in die sewentiende eeu eintlik 'n Europese grootmoondheid. Die rede vir hierdie voorrangposisie lê in die Nederlandse handel en nywerheid opgesluit. Dié handelsbetrokkenheid het reeds in die middeleeue begin en sy vroeë toetrede het Nederland vanaf die laat vyftiende, begin sestiente eeu, 'n dominerende voorsprong op sy groter nabure gegee.²

Nederland se gunstige ligging was seker dié vernoomste rede waarom die land die aangewese middelpunt van die handel geword het. Drie groot bevaarbare riviere, die "grootvors van Europa's stroomen", die Ryn, die Schelde, en die Maas, het handelsverkeer bevoordeel. Voorts kon die vervoerstande oor die see na Engeland, Denemarke, die Skandinawiese kuste, Frankryk en ook Portugal en Spanje in 'n aantal ure tot in nie meer nie as vyftien dae gemeet word.³ Nederland en die see was onafskeidbaar en word die oseane die weg tot grootheid. Tereg het Motley gesê,

The main strength of Holland was derived from the ocean, from whose destructive grasp she had wrested herself, but in whose friendly embrace she remained.⁴

Die Nederlandse geskiedskrywer, Blok, voeg 'n verdere belangrike ontwikkelingskomponent by as hy daarop wys dat die Nederlandse bevolking, hoewel klein, bo ander van die tyd uitgemunt het deur energie en ontwikkeling van liggaam en gees. Reeds onder Karel V, Keiser van Duitsland en koning van die

-
1. J.L. MOTLEY, *History of the united Netherlands*, 4 Vols. (John Murray, London, 1875), Vol. 3. p. 541.
 2. H. PIRENNE, *De middeleeuwen: ekonomiesche en sosiale geschiedenis*, (L.J. Veens, N.V., Amsterdam, s.a.), p. 165.
 3. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, 3 Dele, (A.W. Sijthoffs, Leiden, s.a.), Deel 1, p.600
 4. J.L. MOTLEY, *The rise of the Dutch Republic*, p.24

Nederlande, se regering (1515 tot 1555) en pas na sy seun Filips II by sy vader oorgeneem het was die aanduidings daar dat die gesamentlike Nederlande

voorbestemd (was) tot een grootsche rol in die wereldgeschiedenis.⁵

Die handel en die belang van die groothandelaars was gesetel in verskillende stede wat ‘hanse’-verbonde (vry handelsverbonde) met mekaar gesluit het. Dié verbonde was daarop gemik om deur gesamentlike optrede voorregte en beskerming te verkry. ‘n Aantal Noord-Franse en Suid-Nederlandse stede het onder leiding van Brugge in Vlaandere, ‘hanse’-verbonde met stede in Duitsland en Noord-Europa aangegaan. Brugge het so die hoofopslagplek en wêreldmark vir allerlei handelsware geword.⁶ Die belangrikste Middeleeuse industrie was die lakenindustrie van Nederland. Tot aan die middel van die veertiende eeu was die monopolie in Nederland se hande en is die hele Europa van die luukse wolstof voorsien. Dit was moontlik weens onder meer die beter weeftegnieke en die gunstige ligging van Brugge vir die invoer van wol uit Engeland.⁷

Suid-Nederland, en meer bepaald Vlaandere met Brugge as die ekonomiese spilpunt, het om verskeie redes hul gunstige voorkeurplek begin verloor toe Engeland sy wolhandel aan die stad onttrek het en toe Duitse ‘hanse’ hulle kantore uit Brugge na Dordrecht verskuwe het. Die grootste slag was egter die toenemende versanding van die Zwin, die seearm wat Brugge toegang tot die oop see gegee het. Brugge het nieteenstaande sy vorige glorie, ‘n ‘villes mortes’, ‘n dooie stad, geword.⁸

Antwerpen het met al Brugge se probleme die nuwe handelswaartepunt geword en het ‘n verdere inspuiting gekry toe beide die Portugese en Spanjaarde Antwerpen die hoofkwartier vir die verspreiding van hulle ware na die noorde gemaak het. Antwerpen was in die sestiente eeuse Europa ‘n

indrukwekkende verschijning, (en) in de Europeesche handel nam het een geheel eenige plaats in.⁹

‘n Mooi en insiggewende beskrywing van Antwerpen is van die hand van Ludorizo Guicciardini (1483-1540), ‘n Florentynse diplomaat en bankier, wat ‘n skerp waarnemer was van die sosiale en ekonomiese lewe van die Nederlande.¹⁰ Sy

-
5. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 1, p. 568.
 6. *Ibid.*, pp. 260-261 en pp. 286-287. Sien ook H. PIRENNE, *De middeleeuwen: ekonomiese en sosiale geschiedenis*, p. 175.
 7. H. PIRENNE, *De middeleeuwen: ekonomiese en sosiale geschiedenis*, p.264.
 8. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 1, pp 286-288.
 9. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, 2 Dele (Nederl. Bibliotheek, s.l. 1930), Deel 1, pp. 386-387.
 10. J.B. ROSS, (red.), *The portable Renaissance Reader*, (Penguin Books, New York, s.a.), p. 53.

beskrywing in 1560 van *Antwerp, the Great Market*, gee baie inligting oor die vele sakebedrywighede en ook oor die wye reeks goedere wat verhandel is met hulle plekke en lande van oorsprong.¹¹

Een swakheid in Antwerpen se leidende posisie was dat die handelsbedrywighede in die stad hoofsaaklik in die hande van vreemdelinge was.¹² Vlaamse en Brabantse handelaars het hulle eie produkte aan vreemde koopliede verkoop en selde verder as Calais, vlak by hulle voordeur, gevaaar om vreemde handelsware te bekom.¹³ Daarby was Antwerpen ‘n hawe sonder ‘n handelsvloot. Die skepe waarmee Noord- en Suid-Europa bedien is, was hoofsaaklik van die hawestede van die provinsies Holland en Zeeland afkomstig. Die gestadigde opkoms van die handel in hierdie twee provinsies was een van die opmerklikste gebeure in dié tydvak.¹⁴ Juis hierdie feit duis reeds daarop dat Antwerpen nie sy voorkeurplek as handelsmetropool sou behou nie. Holland en Zeeland het algaande die oorhand begin kry. Geyl maak ‘n betekenisvolle stelling, dat alleen in die noorde het die Nederlandse stam onder eie soewereiniteit so ontwikkel dat dit in die moderne tyd by uitnemendheid die draer van die gemeenskaplike beskawing (ook van die latere België) geword het.¹⁵

Amsterdam was reeds van die middel van die vyftiende eeu die belangrikste handelstad van Noord-Nederland. Veral die oorlog wat die Hollanders met die Duitse ‘hanse’ gevoer het (1438-1441), het gewys dat Amsterdam reeds ‘n baie gedugte mededinger was. Juis hierdie oorlog het meegebring

dat men sedert dezen tijd de Hollanders en Zeeuwen as de beste matrozen van Europa roemt.¹⁶

Die opgang van Amsterdam en die vinnige verswakkings van handelsaktiwiteite in Vlaandere, moet ook toegeskrywe word aan die vordering wat Engeland as nywerheidsland gemaak het.¹⁷

In die Nederlandse handel het die visserybedryf en veral die haringvangs ‘n oorwegende rol gespeel. Die haringshandel het van oudsher gesetel in die vissersdorpe van Holland en Zeeland. Veral na die uitvinding van die haringkaak, ‘n metode tot verduursaming van die vis deur die verwijdering van die vinnig-

11. *Ibid.*, pp. 185-202.

12. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam, Deel 1*, pp. 387-388.

13. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk, Deel 1*, p. 605.

14. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam, Deel 1*, pp. 389.

15. *Ibid.*, p.5.

16. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk, Deel 1*, pp. 606-609.

17. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, 2 Vols. (Macmillan Company, London, 1908), p. 304.

bederfbare dele, het daar in die uitvoer van dié gesogte vissoort, ‘n geweldige opbloeい gekom.¹⁸

Die visserybedryf het die skeepsbouywerheid gestimuleer. Teen die einde van die sesstiende eeu, so is beweer, is meer skepe in Nederlandse skeepswerwe gebou as deur al die ander skeebouers in Europa.¹⁹ Die skeepsboubedryf het weer ander handels- en nywerheids-vertakkinge bevorder soos die uitgebreide houthandel en saagmeulebedryf. So was die visserybedryf weer verantwoordelik vir die handel in sout en die vleg van vangnette. Ook die Nederlandse landbou was goed gevestig en hoog aangeskryf. Die veeboerdery het gesorg vir ‘n lewendige uitvoer van botter en kaas, en ook van koeie en perde.²⁰ Dit is te verstane dat ‘n groot handelsvloot nodig was om die vragsvaart of tussenhandel te hanteer, om alles by die regte bestemmings te lewer en weer vandaar volgelaai terug te vaar. Nederlandse skepe het nie net in die Oossee gevrees nie, maar was oppermagtig in Franse waters en Engelse hawens. Selfs tydens die Tagtigjarige oorlog kon die Hollandse opstandelinge nie uit Spaanse hawens geweer word nie. Sedert 1590 het Hollanders met hele vlope die Middelandse See binnegevaar. Die wêreld was oordek met Hollandse en Zeelandse skepe en fakture van handelshuise in dié Noord-Nederlandse provinsies was wêreldwyd bekend.²¹

Dit is nodig dat ook gelet word wat op godsdienslike gebied in Nederland gebeur het. Die Roomskatolieke Kerk was vir ‘n duisend jaar ‘n eenheid en was gedurende die Middeleeue die grootste en mees stabiele instelling in Europa. Ontevredenheid met die Katolieke Christenheid het begin oplaai weens die verval in die kerk se leer en in die kerklike organisasie. Dit het ook gegaan oor die Bybel as hoogste gesag, oor bieg en vergiffenis deur die aflaatstelsel, verering van heiliges, die wêreldgesindheid en geldsug van sekere pouse en botsings met wêreldlike vorste oor wie die hoogste gesag gevoer het. Die priesterskap het van omstreeks 1500 oor die algemeen baie onvleiende kommentaar uitgelok, soos byvoorbeeld,

doebelen, spelen, brassen en diep in de nacht bij drinkgelag, zitten, achtten zij den begeerlijken roem.²²

Terwyl die kerktwis in Nederland al feller geword het, het Maarten Luther, die Duitse teoloog, in wie die Hervorming eintlik beliggaam was, se denkbeelde in Nederland bekend geword. Die hervormingsgees het so opgelaai dat die regering van Karel V reeds in 1519 tot strenger maatreels oorgegaan het om ketters te begin vervolg. Van nou af was dit nie meer die geestelike owerheid nie, maar die

18. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 1, p. 604.

19. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Voetnoot 2, p. 307.

20. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 1, pp. 623-624.

21. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 1, pp. 217-218.

22. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 1, p. 581.

wêreldleke wat kettery moes bedwing, nie die geestelike inkwisisie nie, maar die wêreldleke word met die geloofsondersoek belas.²³ Die inkwisisie het met alle mag toegeslaan met die verbranding van twee Augustynse monnike op 1 Julie 1523 op die Groot Mark in Brussel. Die streng geloofsregters kon nie die hervormingsgees uitgedoof kry nie maar intussen was die volk aan ‘n koelbloedige en volgehoud skrikbewind onderwerp.²⁴

Vanaf omstreeks 1560 word Nederlanders ook toenemend met die leerstellings en prediking van Johannes Calvyn gevoed. Die demokratiese gees wat die Calvinistiese leerstellings gekenmerk het, was vir die onderste lae van die bevolking baie aantreklik en onder hulle het die leer groot steun geniet.²⁵

Die troonsbestyging van Filips II (1655) het ‘n finale botsing met die Nederlanders verhaas. Openlike opstande teen die godsdiensvervolging het Filips II verplig om ‘n groot leër onder die hertog van Alva na die Nederlande te stuur. Die eerste veldslag by Heiligerlee (23 Mei 1568) word allerweë as die begin van die Nederlandse vryheidstryd, die Tagtigjarige Oorlog, beskou.²⁶ Die Suidelike Nederlande is met verloop van tyd deur die Spanjaarde onderwerp maar die sewe Noordelike provinsies wat hulleself onder die leiding van Prins Willem van Oranje in die Unie van Utrecht (1581) saamgevoeg het, het die stryd vasberade voortgesit. Holland en Zeeland, die twee groot Calvinistiese steunpunte, het in die gebeure die leidende rol gespeel. Handel met Portugal en Spanje het ten spyte van die oorlog voortgegaan. Oorlogstoestande is normaalweg nadelig vir handelsvoortgang en ekonomiese opbloeい, veral vir die swakker party, maar vir die Hollanders was dit in hulle heldestryd net omgekeer. John Motley het dit pittig saamgevat met:

The war fed their commerce, and commerce fed their war.²⁷

In 1580 word Portugal deur Spanje geannekseer maar die Spanjaarde het nie die vragvaart deur Hollandse skepe stopgesit nie omdat dit vir hulle, veral vir die aanvoer van graan uit die Oossee, onmisbaar was. Beslaglegging op Hollandse skepe deur Portugal en Spanje het egter voorgekom. Sulke belemmeringe het die begeerte by Hollandse koopliede geprikkel om ‘n regstreekse verbinding met die Ooste te bewerkstellig. In 1595 het ‘n groep Amsterdamse koopliede reeds vier skepe uitgestuur wat in 1597 met allerlei speserye van die Maleise Argipel teruggekeer het. Die koopliede het groot winste vermoed en die staatsliede het

23. *Ibid.*, pp. 586-588.

24. *Ibid.*, p. 589-590.

25. *Ibid.*, p. 597.

26. *Ibid.*, p. 52; en J. Ploeger, *Prins Willem van Oranje (1533-1584), Vader van die Nederlandse vryheid*. (Unie-Boekhandel, Pretoria, 1943), p31.

27. J.L. MOTLEY, *History of the united Netherlands*, Deel 3, p. 511.

hulle mag voel groei omdat die vyand op ‘n gevoelige plek getref is.²⁸ Vir jare reeds het Hollandse seeliede diens op Portugese skepe gedoen en so die roete na Indië leer ken. Een van hulle was Jan Huijgen van Linschoten wie se beskrywing van die seeweg in 1595 in druk verskyn het, en van besondere waarde was.²⁹

Die stigting van die VOC

Sedert 1598 het die aantal klein ondernemings wat met Oos-Indië handel gedryf het, toegeneem in weerwil van groot verliese. In Amsterdam was daar in 1600 vier, in Rotterdam en Zeeland twee elk, in Delft is een opgerig en in Hoorn en Enkhuizen nog een.³⁰ Hierdie opwellende energie en ondernemingslus het veel goeds voorspel maar het baie probleme meegebring. Elke maatskappy het die ander as kapers en ongewenste mededingers beskou en elkeen het dit sy plig geag om konkurrente uit te oorlê. Daar was in elke maatskappy se kontrak met skippers, stuurmanne en ander rangbekleders ‘n klousule wat hulle verbied het om ooit in diens van ‘n mededinger te tree en om inligting waaroer hulle beskik het, geheim te hou. Die Verenigde Kompanjie van Amsterdam het aan sy personeel opdrag gegee om, wanneer Zeeuse koopmanne by ‘n handelsplek opgedaag het, die totale voorraad handelsware op te koop. Dit het inkooppryse die hoogte laat inskiet. Verdeelde Nederlandse optrede sou nooit die Portugese en Spanjaarde uit Indië kon dwing nie en Oos-Indië-vaarders sou hulle nie teen die Engelse, wie se handel in een maatskappy gekonsentreer was, kon handhaaf nie.³¹

Die State-Generaal (die “parlement” van die sewe verenigde provinsies) het weldra die wenslikheid ingesien om die konkurrensie tussen al die kompanjies te beëindig en het op samewerking aangedring. Die eerste samwerkingspoging is deur die koopliede teengetaan en ‘n tweede deur die owerhede van Holland. Verskeie verdere pogings was ook nie suksesvol nie, maar Johan van Oldenbarneveldt, landsadvokaat, of regsgelerde raadsman, van Holland, het die belanghebbendes weer byeengebring en nogmaals gewys op die uiterste noodsaak van samewerking. Sy bemiddeling het daartoe bygedra dat die *Vereenigde Oostindische Compagnie* op 20 Maart 1602 opgerig is.³² Die ses en veertig artikels van die oktrooi het onder meer bepaal dat die bestuur van die Kompanjie sou setel in ‘n raad van sewentien Bewindhebbers, bekend as die Here XVII wat ses agtereenvolgende jare in Amsterdam en dan twee jaar in Middelburg sitting sou hou. Hulle is gekies uit

28. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 1, pp. 659-661.

29. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 2, p. 308-310.

30. *Ibid.*, p. 322.

31. F.W. STAPEL, *De oprichting der Vereenigde Oost-Indische Compagnie*, p. 7, In *Geschiedenis van Nederlandsch Indië*, Deel 3 (N.V. Uitgevers., Amsterdam, 1939). F.W. Stapel (red.).

32. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 2, p. 333.

sestig bewindhebbers, d.w.s. koopmanne wat in ses bestuursliggame ingedeel was. Hierdie groepe, bekend as *Kamers*, het elkeen sy eie skepe toegerus en sy eie seelui gewerf. Die twintig koopliese uit die Kamer van Amsterdam het agt, die twaalf uit die Kamer van Zeeland vier en die sewe koopliese uit die Kamers van Rotterdam, Delft, Hoorn en Enkhuizen het een lid vir elke Kamer na die vergadering van XVII gestuur. Die sewentiende lid is om die beurt deur al die Kamers, behalwe Amsterdam, afgevaardig. Volgens hierdie indeling het Amsterdam nooit ‘n volstrekte meerderheid gehad nie.³³

Die oktrooi het aan die Kompanjie ‘n handelsmonopolie toegeken wat gegeld het vir handel oos van die Kaap die Goeie Hoop tot by die Straat van Magellaan. Daar mag die Kompanjie namens die State-Generaal verdrae, verbintenisse en kontrakte aangaan met *Princen en Potentaten*, vestings bou, goewerneurs en regterlike amptenare aanstel en troepe werf. Die amptenare en troepe moes ‘n eed van trou aan die State-Generaal en die Kompanjie aflê.³⁴ Die Kompanjie het in die eerste plek tot stand gekom om die toevloei van Oosterse handelsgoedere, wat Holland deur Spaanse toedoen ontsê is, te verseker. Hierdie handelsbetrokkenheid het tot die totstandkoming van ‘n uitgebreide koloniale ryk aanleiding gegee.

In sy *The History of Colonization* skrywe Morris, “Dutch colonization, not less in its rise than in its development, presents many peculiarities.” Ten aanvang beweer hy dat vir die eerste keer in die geskiedenis moet daar kennis geneem word van ‘n republiek wat, terwyl dit ‘n langdurige en bloedige stryd vir sy eie vryheid gevoer het, terselfdertyd deur durf en ondernemingsgees ‘n afgeleë ryk verwerf het. Hy voeg dan by,

By a strange anomaly this commonwealth, so arduous in the protection of the privileges of its own citizens, deeded away in absolutism, to a private association, the rights of millions of its vanquished subjects.³⁵

Hierby sluit Stapel hom aan en wys daarop dat die monopolie en die uitsluiting van landgenote nie strook met die gees wat onder die volk vaardig was nie, ‘n volk uit wie een van sy groot geeste die reg op vrye seevaart sou bepleit.

Het is een der merkwaardigste voorbeelden van de ironie der geschiedenis, dat Hugo Grotius in 1608 zijn *Mare Liberum* zou schrijven in zijn hoedanigheid van historiograaf der Vereenig-Oostindische Compagnie, welke zelf voor tienduizenden ondernemende landgenoten de Indische seën onvry verklaar het.³⁶

-
33. C.F.J. MULLER (red.) *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, (Academica, Pretoria, 1990), p. 21.
34. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 2, p. 334.
35. H.C. Morris, *The history of Colonization*, Vol 1, .p. 300.
36. F.W. STAPEL, *De oprichting der Vereenigde Oost-Indische Compagnie*, p. 8. In *Geschiedenis van Nederlands Indië*. Deel 3.

Die gevare van die monopolie wat aan ‘n groot en selfstandige Kompanjie soewereine regte soos grondbesit en vestingwerke gegee het, word ook deur Blok uitgelig. Tot ‘n mate is dit verstaanbaar dat die landsregering die monopolie toegestaan het want dit was net onmoontlik om die vryheidstryd tuis te voer en daarby nog krygsverrigtinge in verre geweste as taak te aanvaar. Die State-Generaal was seker in ‘n mate gerusgestel deur die eed van trou wat die amptenare afgelê het en dan was die voordeel van talryke skepe en artillerie, wat die Kompanjie in tye van nood sou kon voorsien, nie te versmaai nie.³⁷ Morris wys voorts daarop dat die Kompanjie in mag en beheerstrukture al meer gesentraliseer geraak het.

To all intent and effects a mighty dependent state rose within the Commonwealth of the United Provinces; while the Dutch confederation was a republic, the East India Company developed into an aristocracy, exercising over its vast realms a sovereignty as absolute, haughty, and unmerciful as that of any autocrat...³⁸

Dit kon seker ook nie anders nie as die vernietiging van kompetisie en die beperking van voorrade om hoë prys te verseker, die wensenskenmerke van die stelsel was.

Die nuwe era wat vir die Nederlandse Republiek aangebreek het, was vir dié mense met ‘n merkantiele instink nie ‘n groot nuwigheid nie, dit was slegs die verlengstuk van ‘n oeroue gees en ingesteldheid wat van ‘n nuwe geleentheid ‘n sukses wou maak. Daarom het die nuutgestigde Kompanjie dadelik aan die werk gespring en nie lank na die toekenning van die oktrooi nie, het die eerste vloot onder admiraal Wybrand van Waerwijk uit Texel na die Ooste vertrek. Hierdie vloot het eers in Junie 1607 rykbelaai na die vaderland teruggekeer. Intussen het die Kamers ook ander vlate georganiseer wat in 1603 en 1606 na die Ooste geseil het.³⁹

Die koloniale onderneming was die aanvang van ‘n grootse avontuur wat hoë eise aan die Nederlandse Republiek se ondernemingsgees, organisasie-vermoë en krygs- en staatsbeleid sou stel. Daar mag nie vergeet word nie dat Holland die groot ekonomiese beweging nooit alleen sonder die bydrae van Suid-Nederlandse ballinge van stapel sou kon stuur nie. Sonder die kapitaalkrag van Antwerpen, wat na die onderwerping van die Suid-Nederlandse provinsies deur Spanje noordwaarts geskuif het, sou die klein en ten dele agterlike gebied van Noord-Nederland min sukses gehad het. Holland en Zeeland kon ekonomies presteer omdat “...zij zich voeden met de beste levensappen van Vlaandere en Brabant”.⁴⁰

37. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 2, pp. 334-335.

38. H.C. Morris, *The History of Colonization*, Vol. 1, pp. 315-316.

39. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 2, pp. 335-336.

40. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, pp. 662-664. Sien ook p. 658.

Hollandse koloniale vestiging het primêr winsgewende handel ten doel gehad. Godsdienstige oogmerke, ‘n veroweringsdrang, of bloot die strewe om die beskawing te vestig, was nie koloniale doelwitte nie en waar dit voorgekom het, was dit bloot toevallig.⁴¹ ‘n Rede vir die vinnige groei van Nederlandse kolonisasie lê

in the fact of its acquisition by the expulsion of another European people, rather than by the direct subjugation of native races.⁴²

Die handel was toegespits op wat vandag bekend staan as Indonesië en Maleisië (veral Ambon en die speseryeilande aan die Banda-see.) Later is die handelsbelange ook na Indië, Ceylon, die Fillipyne, China (1624) en Japan (1638) uitgebrei. In September 1609 het die Here XVII besluit om ‘n goewerneur-generaal oor die Oos-Indiese handelsbelange aan te stel. Dit is gedoen om orde te skep want in die Ooste was daar geen vaste beleid nie en omdat elke handelspos en vesting sy eie hoof gehad het, het algemene toesig ontbreek. Die eerste amptenaar in dié hoë pos en tegelyk hoof van die Raad van Indië, was Pieter Both wat in 1611 met sy pligte begin het.⁴³ In 1617 word Jan Pierzoon Coen aangestel as gesagvoerder in die Ooste. Hy is beskrywe as ‘n *extra-ordinair* en groot vaderlander wat die grondslag gelê het van die Hollandse koloniale ryk.⁴⁴ Gedurende Coen se bestuur is begin met die aanlê van Batavia op die terrein van die fort en kasteel van Jakarta op die eiland Java. Dit sou die stapelplek van die ganse Indiese handel en die hoofsetel van die Raad van Indië wees.⁴⁵ Dit was die wens van die Bewindhebbers dat die stad, bestem om “de Koningin van den Argipel” te word, die naam Batavia sou dra. Deur dié partiotiese naam sou die nuwe Noord-Nederlandse nasie verheerlik word.⁴⁶ Die naam reik so ver terug as die Romeine in die tyd van Ceasar toe ‘n Germaanse groep hulle op die eiland Batavia aan die monding van die Ryn gevestig het. Hulle het bekend geword as die Batavi of Bataviere en was volgens Tacitus, die Romeinse historikus, die dapperste van al die Germane.⁴⁷

-
41. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Vol. 1, p. 315.
 42. *Ibid.*, p. 300.
 43. F.W. STAPEL, *De oprichting der Vereenigde Oost-Indische Compagnie*, p. 83. In *Geschiedenis van Nederlandsche Indië*, Deel 3.
 44. *Ibid.*, p. 121 en p. 182.
 45. P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 2, p. 514. Sien ook P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 2, pp. 241-243.
 46. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche Stam*, Deel 2, p. 242.
 47. J.L. MOTLEY, *The Rise of the Dutch Republic, A History* (G. Routledge, London, 1866) pp. 1-3. Sien ook E.RHYS (ed.), *Atlas of Ancient and Classical Geography*. (J.M. Dent, London, s.a.) pp. 47 en 48.

Geyl wys pertinent daarop dat die groot Oosterse handelsryk nie gegroeï het bloot deur die meganiese beoefening en resepmatige toepassing van handelspraktyke nie, maar veral ook as gevolg van deeglike administrasie en deur die volle oorgegewendheid en visie van ware ryksbouers.⁴⁸ Naas Coen “de grootste krijgsman, staatsman en koopman” wat Indië geken het, kan seker die energieke Antonie van Diemen genoem word. Een van sy groot bydraes was die ondekkingstogte wat hy laat onderneem het o.a. deur Abel Tasman wat in sy suidwaartse soeke Tasmanië en Nieu-Seeland ontdek het.⁴⁹ Daar was baie ander persoonlikhede, party wat ook op roem aanspraak kan maak en ander wat redelik hard deur die geskeidenis geoordeel word, maar ongelukkig moet hulle daar gelaat word.

Ruimte is daar nie genoeg om die vestiging en uitbreiding van die Hollandse handel in die Ooste te bespreek nie en slegs enkele aspekte van die uitgebreide aktiwiteit word aangestip. Daar sal ook geraak word aan van die omstandighede wat mettertyd tot die agteruitgang en die verval van die VOC geleid het - sake wat later vollediger aandag sal kry. Die Hollanders het dadelik met die inwoners van die handelsgebiede goeie verhoudinge opbou want hulle is as bevryders in die plek van uiters onderdrukkende Portugese heersers verwelkom. Die sukses was spoedig sigbaar: In die eerste dertien jaar van die Kompanjie se bestaan is jaarlikse diwidende van tussen twintig en vyftig persent uitbetaal. Een van vele redes vir dié gunstige resultate “...was the exalted reputation which they sustained for truthfulness and fair dealing...”⁵⁰ Ongelukkig is daar nie met hierdie gesonde beleid volgehoud nie. Algaande het die akkomoderende ingesteldheid van die bevolkings van sekere gebiede in vyandigheid ontaard waar onder meer speserygewasse verwoes is om tekorte te skep en sodoende hoë prys te verseker. Amptenare wat al die ineengestrengelde Kompanjiesbelange moes beskerm, het hulle tot ongeoorloofde praktyke, geweld en wreedhede gewend.⁵¹

Sluikhandel deur amptenare het al meer voorgekom en oorhand toegeneem. Die Kompanjie moet daarvoor baie van die skuld kry, want die amptenarekorps is vergoed op ‘n skaal wat volgens sewentiende eeuse norms bereken was. Die suinige koopliede en Bewindhebbers wou baie van die gebreke nie insien nie.⁵² Dit is dus nie vreemd dat uiteindelik onder die amptenare van die VOC “losheid van

48. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 2, p. 626.

49. A.W. JOSE, *History of Australasia*, (Angus & Robertson, Sydney, 1909), pp. 5-6.

50. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Vol. 1, p. 321.

51. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Vol. 1, pp. 329-330.

52. E.C. GODEE-MOLSBERGEN, *De Nederlandsche Oostindische Compagnie in de achttiende eeu*. p. 42. In *Geschiedenis van Nederlandsch Indië*, Deel 4, (F.W. Stapel (Red.).

leven, corruptie, kleingeestige machtswellus ... niet onbekend” was.⁵³ Geyl maak die verdere opmerking dat die Kompanjie aan die volksgeschiedenis belangwekkende persoonlikhede gegee het, maar daar moet ook gesê word dat hy tot sy eie skade ‘n “stelsel van geknoei” laat ontstaan het wat die sedelike toon van die hele bedryf verlaag het.⁵⁴

Die hoogste bestuursposte is mettertyd oorerflik gemaak en so het die bestuur ‘n beperkte aristokrasie geword. Daarmee het disorganisasie begin intree, het die direkteure opgehou om aktief aan kompanjiesake deel te neem en het hulle slegs twee keer per jaar vergader. Aandrang op hervorming van finansiële en administratiewe beheer het op dowe ore gevval.⁵⁵ Toe die State-Generaal in 1789 ‘n diepgaande ondersoek gelas het, het dit geblyk dat uitgawes reeds vir baie jare hoër as die inkomste was, dat groot lenings aangegaan is en dat die laste die bates baie ver oorskry het. Benewens die Oos-Indiese gebiede moet ook aandag aan die Kaap gegee word.

Die Kaap as halfweg

Die lang reistyd na die Ooste het groot lewensverliese onder die skeepschlui op Kompanjieskepe veroorsaak hoofsaaklik a.g.v. skeurbuik wat slegs met die inname van vars vleis en groente en genoegsame vars water voorkom kon word. Naas St. Helena en Mauritius was die Kaap die Goeie Hoop ‘n gereelde aanloopplek vir Nederlandse skepe. Vrees dat die Engelse hulle op St. Helena met vestiging kon voorschrys, het die Here XVII laat besluit om ‘n “rendez-vous” (vergaderplek) aan Tafelbaai te stig. Die stigtingstaak is aan Jan Antohoniszoon van Riebeeck opgedra en hy word opperhoof van die beoogde verversingspos.⁵⁶

Binne die opset van die Kompanjie se uitgebreide organisasie.....was die toevoeging van nog ‘n fortjie met ‘n klein garnisoen van sowat honderd man.....sekerlik nie ‘n gebeurtenis wat oormalige belangsteling sou gewek het nie. Dit was ‘n nuttighedsmaatreël, ‘n roetine-uitbreiding in belang van die Kompanjie se skeepsverkeer.⁵⁷

Die vestiging van die verversingspos met ‘n klein groepie mense het niemand opgewonde gemaak nie, minste van almal, die Kompanjie self. Die lotgevalle van die “kleine hoopje nederzetters” aan Kaap die Goeie Hoop het in die geskiedenis

53. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 2, p. 288.

54. *Ibid.*, p. 634.

55. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Vol. 1, pp. 330-331.

56. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 2, p. 455.

57. C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.17.

van die Oos-Indiese Kompanjie “...een heel kleine incident” gevorm.⁵⁸ Die klein incident het egter gegroei tot ‘n aansienlike vestiging, tot ‘n kolonie en die vaderland van ‘n nuwe volk. Die rol van die Kompanjie in hierdie ontwikkelingsgang vra die aandag.

Die vestiging van die eerste vryburgers in 1657 het die verversingspos omskep in ‘n volksplanting. Jan van Riebeeck se verwagting dat die nuutgevestigde landbouers mettertyd hulle geneentheid teenoor Nederland sou verloor en “van dese plaats haer vaderland mogen maecken”, het bewaarheid geword.⁵⁹ Hierdie volksplanting wat bra stadig en traag ontwikkel het, was selfs in die oë van die Kompanjie ‘n mislukking.⁶⁰ In die tyd van Simon van der Stel was daar ‘n aansienlike oplewing en sake het dermate verander dat die verwagtinge opgevlam het dat die kolonie tog aan sy doel sou beantwoord. Daar was verskeie omstandighede in Nederland en aan die Kaap wat nie bevorderlik vir grootskaalse immigrasie was nie.⁶¹ Van der Stel se pogings om die kolonie te laat uitbrei, was egter so suksesvol dat gedurende die tydperk 1680-1699 om en by die twee honderd nuwe aankomelinge hulle hier gevestig het.⁶² Die Here XVII is deur Van der Stel se geesdrif aangestek en in Oktober 1685 is besluit om meer mense na die Kaap te stuur. Die Franse vlugtelinge wat in 1688 hier aangeland het, het die bevolking aansienlik versterk maar hulle is met ‘n groot mate van ongenooë deur Van der Stel ontvang. Hy was deur en deur ‘n Nederlander en die volksplanting aan die suidpunt van Afrika wou hy in alle opsigte Nederlands maak.⁶³

Benewens die feit dat die immigrasiesyfers in Simon van der Stel se tyd gunstig was, was sy ingesteldheid teenoor die Kaap baie positief. Hy het soos baie vryburgers en amptenare gevoel; hy wou nêrens anders woon nie as huis op Afrikagrond. Hy was die eerste Kaapse bevelhebber wat van die Kaap sy nuwe vaderland gemaak en by die burgers dieselfde liefde vir hulle nuwe tuiste aangewakker het.⁶⁴ Die Kaap sou nie, soos die Kompanjie se besitting in die Ooste,

-
58. P. GEYL, *Geschiedenis van de Nederlandsche stam*, Deel 2, pp. 459-460.
 59. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, (Voortrekker Pers, Johannesburg, 1967), pp. 52-53.
 60. J.E. LOURENS, *Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie*, (ongep. D.Phil – proefskrif, U.S. 1954), p. 92.
 61. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, pp. 53-55.
 62. J.E. LOURENS, *Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie*, p. 92.
 63. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, pp. 56-57.
 64. J.E. LOURENS, *Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie*, p. 93.

telkens deur 'n nuwe geslag amptenare gekoloniseer word nie, maar bewoon word deur blankes wat 'n blywende tuiste op die vasteland van Afrika gevind het.⁶⁵

In April 1703, 'n jaar voor die einde van die bewind van Willem A. van der Stel, het die blanke bevolking op 'n totaal van 1 652 persone gestaan. Word dit vergelyk met die 259 siele van 1679, kan wel begryp word watter bydrae die Van der Stels tot immigrasie en uitbreiding aan die Kaap gemaak het. Die koloniste se botsing met die Goewerneur en senior amptenare het geleid tot Willem A van der Stel en van sy meelopers se ontslag deur die Bewindhebbers. Ongelukkig het die vooruitsig op die moontlike verdere groei in bevolkingsgetalle ook in die slag gebly. In 1706 is vorige besluite om immigrasie na die Kaap aan te moedig, herroep.⁶⁶ Hoewel daar later in die agtiende eeu talle gunstige geleenthede was om immigrasie weer op dreef te kry, is dit nie benut nie. Vir 'n eeu lank het bevolkingsgroei geskied deur kompanjiesdienare wat hulle as vryburgers gevestig het en deur natuurlike aanwas. Gedurende die hele agtiende eeu het daar slegs 300 blanke immigrante na die Kaap gekom. In 1706 was daar aan die Kaap 1 732 blanke siele, in 1770, 8 088 en in 1806 ongeveer 26 000. Die bevolkingsgroei in Noord-Amerika, wat feitlik dieselfde tyd met sy kolonisasie begin het, lyk soos volg: in 1660 reeds 80 000, in 1743 een miljoen, in 1776, twee miljoen en in 1820 sowat 8 miljoen blankes. Die

tragedie vir die groei en ontwikkeling van die Afrikanervolk was die besluit van die Here XVII in 1706 om geen verdere immigrante na die Kaap te stuur nie.⁶⁷

Hoewel daar remmende geografiese faktore was waарoor die Here XVII nie beheer gehad het nie, moet ook die Kompanjie se ekonomiese beleid groot skuld dra vir die groot agterstand in die blanke bevolkingstal in Suid-Afrika.

Onder Kompanjies-monopolie geen vry ekonomie

As handelsonderneming het die VOC wins en wins alleen in die oog gehad. In sy oorsese besittings was dit 'n vaste beginsel dat alleen die Kompanjie handel gedryf het, hy is die enigste koper van produkte en het in al die ekonomiese behoeftes van die inwoners voorsien. Ekonomiese bedrywigheid wat min direkte winsvoordele vir die Kompanjie ingehou het, soos die lewering van bepaalde voorrade en lewensmiddele waaronder drank, vleis, brood, sout en tabak is aan plaaslike individue toegeken, of soos dit bekend was, verpag. Die paghouers het op 'n jaarlikse veiling gebie vir die reg om 'n bepaalde kommoditeit te verhandel. Hulle

65. C.F.J. MULLER (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.50.

66. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, pp. 59-62.

67. F.A. VAN JAARVELD, *Afrikaner Quo Vadis?*, (Voortrekker Pers, Johannesburg, 1971), pp. 35-36.

is as't ware per “lisensie” gemagtig om handel te dryf en die “lisensie”-geld het die Kompanjie toegeval.⁶⁸

‘n Verbod op die handel met vreemde skepe het reeds vir die eerste vryburgers gegeld behalwe dat hulle ‘n oorskietkans gekry het waar die Kompanjie nie self in behoeftes kon voorsien nie. Plakkate (verordeninge) teen hierdie soort handel is telkens herhaal. So bv. is daar in 1723 opnuut ‘n verbod op die lewering van vars groente en vleis aan skepe geplaas.

Diegene wat die verbod oortree, sou as straf na Nederland teruggestuur word en moes buitendien ‘n boete van duisend gulde betaal.⁶⁹

Die Kompanjie en die vryburgers was dit eens dat daar vir die volksplanting ‘n breër ekonomiese basis gevind moes word. Die skep van nuwe ekonomiese moontlikhede was dringend noodsaaklik veral weens die armoede waaronder baie van die ingesetenes gebuk gegaan het. Die ekonomiese vryheid wat die vryburgers verlang het, het egter direk ingedruis teen die handelsbelange van die Kompanjie. Vryliede het in die handel en skeepsvaart nuwe ekonomiese moontlikhede gesien. Dit was immers op hierdie terreine dat Nederland opgang gemaak het en Europese konkurrente ver in die skadu gestel het.⁷⁰

Ontevredenheid oor die Kompanjie se beperkende maatreëls het Simon van der Stel selfs beweeg om in 1687 aan die Here XVII voor te stel dat vryburgers toegelaat moes word om met die oog op handel na Madagaskar en die ooskus van Afrika te vaar. Van hierdie billike versoek het nijs gekom nie. Soortgelyke versoekte in 1719, 1732 en 1746 is ook geweier.⁷¹ Afstammelinge van ‘n seevarend volk het hulle rug op die see gedraai en die handel afgeskryf; en wel in so ‘n mate dat vir geslagte betrokkenheid by handel gesien is as ‘n aktiwiteit met vele skadukante wat liefs vermy moes word. Dit is ironies dat aan die einde van die Kompanjie se bewind in 1795 die Here XVII, in antwoord op vertoë van Kommisaris-generaal Abraham Sluysken, hulle verwondering uitgespreek het oor die gebrek aan ondernemingsgees by die Kapenaars en dat hulle die lus om hulle in die seevaart te begeef, verloor het... en dit nadat die Kaapse inwoners vir 143 jaar verbied is om uit die seevaart en handel ‘n bestaan te maak!⁷²

-
68. G.C. DE WET, *Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting 1657-1707*, (Historiese Publikasie-vereniging, s.l., 1981), p. 48. Ook G.J. KRAUSE, *Drankpagte gedurende die Eerste Honderd Jaar van die Bewind van die H.O.I.K.*, (ongep. M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1955) pp. 56-57.
 69. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, p. 90.
 70. *Ibid.*, pp. 98-99
 71. *Ibid.*, pp. 100-101
 72. *Ibid.*, pp. 330-331.

Die Kompanjie het die voorsate van die Afrikaner ‘n baie groot onreg aangedoen om hulle te vervreem van bedrywe wat vir enige volk ‘n gesonde bestaansbasis gee.

Die toestand het hom in die negentiende en twintigste eeu dan ook dikwels besonder hard op die volk gewreek en naas sy geringe getalsterkte was sy ekonomiese swakheid, die uitvloeisel van die feit dat hy die handel en die skeepsvaart nie beoefen het nie, een van die vernaamste bydraende faktore tot rampe wat hom so dikwels getref het.⁷³

Die weiering dat Kaapse ingesetenes aan die skeepvaart en handel deel kon hê, het egter ook ‘n positiewe uitkoms gehad. Hulle is daardeur gedwing om hulle by die bodem te bepaal. Daar het ‘n besondere band tussen hulle en die bodem van die suidland ontwikkel. Die Afrikaner is gedwing om boer te word, ‘n bedryf wat mettertyd aan hom die naam *Boer* laat toekom het, ‘n erenaam waarmee hy internasionale bekendheid verwerf het.⁷⁴

Arbeidsvraagstuk

Die taak wat Jan van Riebeeck opgelê was, was groot en uitdagend. Daarby het die werkpotensiaal van sy om en by die 90 handlangers, uit die laer sosiale stande in Holland en bra sku vir gereelde harde arbeid, hom spoedig probleme besorg. Hy het reeds in sy eerste brief aan Batavia geskrywe dat daar aan die Kaap genoeg werk vir ‘n duisend mense was terwyl hy in tye van siekte soms so min as 50 man op die been gehad het. Geen wonder dat hy, ook vanweë sy ervaring in die Ooste, gevra het vir ingevoerde nie-blanke arbeiders nie.⁷⁵

Die Kompanjie was die gedagte goedgesind en het in 1659 besluit om twee skepe na Guinee en Angola te stuur om slawe daar te kry. Voordat hierdie skepe in Tafelbaai aangekom het, het ‘n ander skip met ‘n aantal slawe wat van ‘n Portugese vaartuig buitgemaak is, in Maart 1658 daar anker gewerpt. Dit was die begin van ‘n proses vir die invoer van slawe wat vir lank die praktyk was.⁷⁶ Hoewel daar nog van blanke ‘knegte’⁷⁷ gebruik gemaak is, het die gebruik van slawe al gaande toegeneem. Die beskikbaarheid van slawe het by die blankes ‘n bepaalde geesteshouding teenoor handearbeid geskep.

-
73. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, p. 103.
74. *Ibid.*, p. 104 en F.A. VAN JAARSVELD, *Afrikaner Quo Vadis?*, p. 39.
75. C.F.J. MULLER (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.22.
76. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, p. 111. Sien ook A.J. BÖESEKEN, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658-1700*, (Tafelberg, Kaapstad, s.a.), pp. 7-12.
77. Hierdie ‘knegte’ was heeltemal iets anders as wat ons vandag onder die begrip verstaan.

In 1658 het die Raad van Indië gewaarsku dat *onse natie van sulcken aart is* dat wanneer hulle die gerief van slawe geniet het, hulle lui geword het en nie maklik hulle hande na werk uitgesteek het nie. Hierdie waarskuwing het egter nie veel indruk gemaak nie. So byvoorbeeld het die Kompanjie in Junie 1716 navraag gedoen oor die koste verbonde aan die gebruik van blanke knechte teenoor slawearbeid. Die goewerneur, Maurits Pasques de Chavonnes se antwoord het daarop neergekom dat blankes óf verhewe was bo sekere vorme van arbeid, óf in die heersende omstandighede nie daarvoor geskik was nie.⁷⁸

Die aanwending van nie-blanke arbeid het verhinder dat 'n jong ontwikkelende volk sy eie werkerstand opgebou het. Die besluit van die Kompanjie om slawe eerder as blanke knechte te gebruik, het 'n houding en ingesteldheid laat ontwikkel dat sekere vorme van arbeid benede die waardigheid van blankes was en indien hulle wel sodanige werk verrig het, hulle hulself met nie-blankes gelyk gestel het.

Aan die begin van die agtiende eeu was daar drie ekonomies gefundeerde groepe onder die vryliede: die groot boere, professionele lui en ondernemers; ambagslui en kleinboere; en arbeiders. Sosiale omgang was hoofsaaklik beperk tot lede van dieselfde groep. Die standverskille was dus nie uit hoofde van afkoms of geboorte nie, maar op grond van ekonomiese oorwegings.⁷⁹ Die gebruikmaking van nie-blanke arbeid het veroorsaak dat daar in die volksplanting met die verloop van tyd nie 'n skeiding volgens klas bestaan het nie, maar volgens ras. Die rasselferkoms het nie net op arbeidsvlak geskei nie maar ook t.o.v. beskawing; beskaafd teenoor onbeskaafd en ook t.o.v. godsdiens; Christen teenoor heiden.⁸⁰ Verdere aandag aan die verdelingsfaktore val buite die bestek van hierdie artikel.

Die skeefgetrekte arbeidsverhoudings kan natuurlik deels teruggevoer word na die min blankes wat na die Kaap geïmmigreer het en ook die totale inperking van vrye onderneming en handel. As die Kompanjie 'n vrye vloeい van immigrante kragdadig bevorder het en 'n breër ekonomiese bestaansbasis geskep het, kon in Suid-Afrika wel 'n werkerstand ontwikkel het soos in die V.S.A., Australië en Nieu-Seeland.

Die indruk mag nie ontstaan dat die Kaapse koloniste die swak bestaansomstandighede en ander probleme ewe gelate aanvaar het nie. Reeds in Desember 1658 het die vryburgers 'n versoekskrif aan Jan van Riebeeck oorhandig wat hoofsaaklik oor die prys vir hulle graan gehandel het. Ondubbelzinnig het hulle verklaar dat hulle nie kompanjie-slawe wil wees nie.⁸¹ Waar daar na dié en

78. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, p. 110.

79. G.C. DE WET, *Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting 1657-1707*, p. 119.

80. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, pp. 113-114.

81. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, p. 222.

ander burgeroptrede as politieke aksies verwys word, moet nie uit die oog verloor word nie dat alle sodanige aksies gedurende die eerste eeu van die bestaan van die volkspanting sonder uitsondering ‘n ekonomiese basis gehad het. Dit was ook die geval in die stryd teen Willem Adriaan van der Stel, natuurlik veel hewiger en die uitkom, die ontslag van die Goewerneur en sekere senior amptenare, baie meer dramaties.

Naas ekonomiese faktore was daar wel

‘n politieke faktor wat van tyd tot tyd aan die vryburgers geskaaf het. Dit was dat Bewindhebbers van die Kompanjie hulle in hul vryheid as Nederlandse burgers soms erg gekortwiek het.⁸²

Die woelinge van die jare 1778 tot 1795 deur die Partiotte onder invloed van buitelandse demokraties-revolusionêre denkbeelde, het ook nie die gewenste gevolge gehad nie. Die finale breuk het gekom toe die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam in Junie 1795 die gesag van die Kompanjie afgesweer en hulle onder die vlag van die Nederlandse Republiek geplaas het.⁸³

Die slotsom waartoe Scholtz gekom het by die afsluiting van die Kompanjies-era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is ‘n gepaste inskrywing in die verlieskolom na 128 jaar van Kompanjiesbestuur aan die Kaap,

Naas al die goeie wat die Afrikaner van sy Nederlandse voorsate ontvang het, is dit waarlik een van die grootste tragedies in die geskiedenis van die Afrikaanse volk dat die aanleg aan die Kaap begin is deur ‘n suwer handelsliggaam wat alles deur die bril van die ekonomie bekyk het. Hierdie feit het die ontwikkeling van die jong volk wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het, sodanig gestrem dat die slegte gevolge daarvan waarskynlik nooit heeltemal te bowe gekom sal word nie. Dit is ‘n feit waarmee daar in die geskiedenis van die Afrikaanse volk steeds rekening gehou sal moet word.⁸⁴

Oor bepaalde positiewe aspekte en die ‘goeie’ wat wel die Afrikaner se deel geword het, word later enkele slotopmerkings gemaak.

Die verval en ondergang van die VOC

Die militêre, ekonomiese, morele, maatskaplike en politieke vraagstukke betrokke by die administrasie van ‘n koloniale gebied, was veelvuldig. As hierdie elemente nie ewewigtig aandag en toepassing gevind het nie, was sukses selde moontlik.

82. *Ibid.*, p. 245.

83. C.F.J. MULLER (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.91 en p. 101.

84. G.D. SCHOLTZ, *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, Deel 1, 1652-1806, p. 331.

Unfortunately, but too truly throughout history the record of colonization has been often marred not less by the oppression of the weak than by the profligacy of the powerful.⁸⁵

Alleen daardie nasies wat redelik daarin geslaag het om die optrede en gedrag van hulle amptenare te beheer, was suksesvol in hulle ondernemings. Die skep en instandhou van ‘n koloniale administrasie wat vry was van korruksie, wat genoegsame bestaansruimte aan koloniste gegee het en sterk genoeg was om goeie opbrengste aan die moederland te verseker, het hoë eise gestel.⁸⁶

Die VOC het vir meer as ‘n honderd jaar ongeëwenaarde voorspoed geniet en daar was geen handelsorganisasie wat daarvan vergelyk kon word nie. Die jaar 1718 (ander kenners beweer 1722) staan aangemerkt as die begin van ‘n gestadigde proses van verval. Gemeet aan die vereistes in die inleiding gestel, kan ‘n wins- en verliesstaat van die Kompanjie opgestel word. Daar is nie eenstemmigheid oor die oorsake van die maatskappy se agteruitgang nie en moderne Nederlandse historici verskil heftig oor die saak. Twee interessante artikels in die Februarie- en Maart 2002-uitgawe van *Nederlandse Post*, die onafhanklike maandblad vir Nederlandsprekendes en vriende van Nederland in suidelike Afrika, gee aandag aan die ondergang van die VOC. Sekere ontbindingsagente waarna reeds verwys is en ander gesigspunte word kortlik opsommend getabuleer:

1. Die VOC het ekonomiese en politiek-militêre doeleteindes nagestreef en was gevolglik koopman en soewerein. Om die handelsmonopolie in stand te kon hou en vreemde onderhoriges in gevalle van konflik tot orde te bring, of te verplig om verdrae en ooreenkoms te eerbiedig, was die gebruik van mag onvermydelik. Later het handhawing van mag ‘n belang op sy eie geword.

In Batavia ontstaat een bestuurselite die zijn positie op Java belangrijker vind dan de opbrengsten van de veilingen in Nederland.⁸⁷

Die gesegde, “Waar eenmaal geweld gebruik is, seevier uiterstes,” is in die Nederlandse koloniale geskiedenis as geldend bewys.

2. Dit is interessant om die standpunte van Els Jacobs, ‘n historikus gemoeid met die VOC Jubileumexpo in Rotterdam en Amsterdam, oor privaat-handel te verneem: In die reglement van die VOC word bepaal dat ‘n hoër-geplaasde amptenaar by elke transaksie reg gehad het op deel van die opbrengs. Privaat-handel was wel verbode maar *per se* nie skadelik nie. Jacobs is van oortuiging

85. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Vol. 1, p. 26.

86. *Ibid.*, pp. 26-27.

87. B. KROMHOUT, “Opkomst en ondergang van de V.O.C.” in *Nederlandse Post*, Februarie 2002, Johannesburg p. 12.

dat dit as ‘smeermiddel’ vir gunstige handel gesien moet word. Enkele werknemers het hulle wel te buite gegaan, maar by onafhanklike ondersoeke het eintlik min koppe gerol. ‘n Ander ondersoeker, Femme Gaastra, beweer dat die Bewindhebbers teësinning was vir optrede “want ze zitten er zelf middein”.⁸⁸ Jacobs beweer dit is ‘n wydverspreide cliché dat korruksie uiteindelik die val van die VOC meegebring het. Die letters VOC is selfs verbaster tot “Vergaan Onder Corruptie” maar dié historikus glo dat daar vir so ‘n standpunt nie oortuigende argumente bestaan nie. Sluikhandel en ‘smeergeld’ was net so gebruiklik in die bloeityd van die Kompanjie as ten tye van sy verval.⁸⁹ Meerdere kennis oor voorgenoemde standpunt kan groter klarheid bring maar die oorwig van getuienis skyn daarop te dui dat korruksie en ander ongure praktyke ‘n groot bydrae tot die ondergang van die VOC gelewer het. T.o.v. die Kaap bv. het dit materiële ontbering tot gevolg gehad en onherstelbare wantroue en verwydering tussen owerheid en onderdaan meegebring.

3. Die opkoms van die Engelse handel met die Ooste onder die Britse Oos-Indiese Maatskappy, (gestig in 1600) het vir die VOC ‘n al groter bereiging geword. Die Engelse het die VOC nie net met handel begin inhaal en verbysteek nie maar veral aan die Indiese kuslyn het die een na die ander VOC-handelsgebied algaande in Engelse hande oorgegaan.⁹⁰ Die koste van die Engels-Nederlandse Oorloë en die administrasie in besette gebiede was hoog. Dit is nie te betwyfel nie dat Holland en daarom ook die VOC se bronne totaal oorspan en uitgeput geraak het. Die klein landjie met sy klein bevolking met ‘n reuse handelsonderneming en groot koloniale ryk kon dit uiteindelik finansieël , t.o.v. mannekrag en elke ander hulpbron eenvoudig nie meer bybring nie. Die omvang en eise van die taak het vir die vermoë van Holland en die VOC te groot geword! Die verlies aan mense oor die totale lewensduur van die Kompanjie was enorm. Die sterftesyfer aan boord

zijn niet exact bekend; schattingen gaan uit van ongeveer 15% voor de uitreis en 10% voor de thuisreis.⁹¹

-
88. B. KROMHOUT, “Opkomst en ondergang van de V.O.C.” in *Nederlandse Post*, Maart 2002, p. 10. Sien ook P.J. BLOK, *Geschiedenis van het Nederlandsche volk*, Deel 3, p. 401.
 89. *Ibid.*, p. 10.
 90. H.G. MORRIS, *The history of colonization from the earliest times to the present day*, Vol. 1, p. 333 en p. 341. Sien ook Anon., “Anglo Dutch Wars” in *Microsoft® Encarta® Encyclopedia 2001*.
 91. VOC-Kenniscentrum, Leiden, by <http://voc-kenniscentrum.nl/>. Webblad geraadpleeg op 9 April 2002.

Dit het in die loop van die agtiende eeu steeds moeiliker geword om personeel te vind.⁹²

4. Ander oorsake vir die verval van die VOC soos gebrek aan aanpassing t.o.v. verhandelde produkte bv. die staking van, of voortgang met die tee-handel, betrokkenheid by die Asiatische vragvaart, 'n verouderde finansieringsbeleid en kritiek oor die optrede of nie-optrede van die Bewindhebbers, het voor- en teëstanders. Dat hierdie veroorsakende omstandighede individueel en kollektief ook hulle rol gespeel het, kan seker nie betwissel word nie.
5. Die een saak waaroor historici dit wel eens is, is dat die VOC se finansieringsbeleid "onverandwoord riskant" was. Teen 1780 het die groot onderneming se finansiële vermoë bestaan uit geleende geld. Die aandelekapitaal het steeds gestaan op 6,5 miljoen gulde, die kapitaalbedrag waarmee die Kompanjie in 1602 gestig is. Daarteenoor het die Britse Oos-Indiese Kompanjie se aandelekapitaal in 1709 reeds 35 miljoen gulde bedra. Dalende rendemente en groter uitgawes aan militêre konflikte het meegebring dat lenings nie afgelos kon word nie.⁹³

In die stryd tussen die Patriotteparty en die Oranjesindes in Holland is die regering van die republiek in 1795 vervang met die Bataafse Republiek. Die nuwe bewind het die bestuur van die VOC oorgeneem en in 1800 is die maatskappy wetlik ontbind. Die State-Generaal het die enorme skuld, wat tot diep in die negentiende eeu 'n las vir die koninkryk was, oorgeneem.⁹⁴ Die VOC het Holland byna geruïneer!

Slotopmerkings

Hoewel daar in die verlieskolum van die VOC se aktiwiteite baie misluknings, foute en versuime aangeteken kan word, was sy positiewe bydrae groot en het sy invloed en nawerking wêreldwyd gestrek. Dit het deure vir die handel oopgemaak na wêrelddele wat toe skaars verken was. Die kennis oor die Ooste, die mense, geografie, geologie, oceanografie, plante, diere, ens. het internasionale besit geword. Skole en seminaria is gestig, en ondersteuning aan ondersoekers en uitvinders, beoefenaars van die wetenskap en kunstenaars was redelik rojaal. Die

-
92. B. KROMHOUT, "Opkomst en ondergang van de V.O.C." in *Nederlandse Post*, Februarie 2002, p. 12.
 93. B. KROMHOUT, "Opkomst en ondergang van de V.O.C." in *Nederlandse Post*, Februarie & Maart 2002, p. 12 en p. 10.
 94. B. KROMHOUT, "Opkomst en ondergang van de V.O.C." in *Nederlandse Post*, Maart 2002, p. 10.

bestudering van tale en die vertaling van Bybelboeke in Maleis was nie ‘n geringe bydrae nie.⁹⁵

Barbara Tuchman, die Amerikaanse historikus, sê in haar *Jefferson Lecture* van April 1980, oor “Mankind’s better moments” die volgende:

Great endeavor requires vision and some kind of compelling impulse.....What accounts for it? Not religious fervor alone but the zeal of a dynamic age, a desire to outdo, an ambition for the biggest and the best.⁹⁶

By die Nederlanders was dié soort spoorslag en ambisie teenwoordig. Die stryd teen die oseaan en die weerstand teen vyande wat die gees wou inperk en hulle polities en godsdiensdig onvry mense wou maak, is hiervan ‘n bewys. Hulle was eerste in die linie as seemag, as handelaars en as koloniale heersers en geseen met groter vryheid as enige van hulle tydgenote. Word Arnold Toynbee se stelling, “The greater the challenge the greater the stimulus,” nie deur die hoogbloei van die Nederlandse en die VOC-geskiedenis as korrek bewys nie?⁹⁷ Al het die Kompanjie uit ‘n handelsoogpunt ondergegaan, bly daar baie in die winskolom oor wat van die glorie van die VOC getuig.

En in Suid-Afrika? Deur die VOC se toedoen is Van Riebeeck en sy klein kontingent as handels-handlangers na die Kaap gestuur. Meer as die handel het daarby gebaat want die Nederlandse taal en die Protestants-Gereformeerde geloofstradisie het hier ‘n stewige vastrapplek gekry. Laasgenoemde en ‘n besondere gehoorsaamheid aan Bybelse voorskrifte, was seker die sterkste vormingsfaktore wat behoudend op die ontwikkeling van die Afrikaanse volkslewe en –aard ingewerk het. Veranderingsagente soos die bodem, klimaat en kontak met Afrikamense het Nederlanders (en ander nasionaliteite), met hulle taal en kultuur omvorm tot Afrikaners met ‘n eie taal. Die nuwe spruit met sy Dietse karakter kan as buitengewone wins aangeteken staan.

By die opstel van die finale balansstaat is die oortuiging dat die mistastings en versuime nie die positiewe nalatenskap van die VOC oorskadu nie. Die positiwe moet hoofsaaklik in nie-materiële terme gemeet word. Deur die mensheidsgeskiedenis heen is daar vele voorbeelde waar die gees van die mens met durf, deursettingsvermoë en ‘n ysere wil om te slaag van veel meer waarde was as getalle of materiële bates. By terugskouing op ‘n deel van die geskiedenis van ons Nederlandse rasgenote en die VOC, ‘n stuk historie waar die daeraad van Westerse vestiging op die suidland van Afrika lê, kan veral Afrikaners hulle met trots daarmee vereenselwig want dit is deel van hul eie erfenis.

-
95. F.W. STAPEL, *De oprichting der Vereenigde Oost-Indische Compagnie*, pp.375-507. In *Geschiedenis van Nederlands Indië*, Deel 3.
96. B.W. TUCHMAN, *Practicing history: selected essays*, (Macmillan, London, s.a.), p. 230.
97. A.J. TOYNBEE, *A study of history*, (Abridgement of Vol I-IV by D.C. Somervell, Oxford University Press, London, 1947), p. 570.

The Dutch East India Company, asset and liability, a perspective from 2002

“The main strength of Holland was derived from the ocean, from whose destructive grasp she had wrestled herself, but in whose friendly embrace she remained.” This description by John Motley, the celebrated 19th century American historian, summarizes the source of Holland’s existence. Holland was Europe’s foremost trading nation, the continent’s carrying trade in local and Oriental goods was conducted by the Dutch, and they were the leaders in the fishing industry and in shipbuilding.

When the Dutch East India Company was established in 1602, trade with the East Indies was, though, a new challenge, practically nothing more than a continuation of a well known practice. What was new was a vast colonial empire that grew as trading activities expanded. For about a century the trading dividends were high, but the cost of wars, illegal trading by company officials, mismanagement and aggressive English competition, were so exhausting that the Company was dissolved and its remaining activities and liabilities were taken over by the Dutch Government in 1795.

At the Cape of Good Hope the Company established a refreshment station that eventually developed into a permanent settlement. A shortage of immigrants and the refusal of free trading opportunities for the free burgers hampered the development of the Cape colony. However, when the errors and neglects of the Company are weighed against the positive legacy of its existence and involvement, the latter bears testimony that the world and civilization would have been poorer had it not been for the Dutch East India Company.